Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1180**(A)**(N20)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5

(21010055)

**20 November 2018 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Die tydsduur dat ’n voormalige raadslid uit die raad moet wees voordat hy/sy as ’n amptenaar in die raad aangestel kan word, is ... maand(e).

1.1.2 Die uitvoerende komitee bestaan uit die leiers en prominente lede van die politieke partye wat die meerderheid in ... het.

1.1.3 Die meerderheid sake wat voor rade dien vir oorweging of besluitneming word onder hulle aandag gebring in die vorm van ’n ...

1.1.4 Die eerste diamant wat in Suid-Afrika gevind is, is in … gevind.

1.1.5 Daar is drie vlakke van regering waarvan die laaste vlak bekend staan as die ...

1.1.6 Die eerste stedelike gebied in Suid-Afrika was ...

1.1.7 ’n Natuurlike persoon sal nie meer as ... stem per plaaslike owerheid hê nie.

(7 × 2) (14)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Soms moeilik om individuele belange met groepsbelange te versoen | A | agterbuurtes |
| | | B | voorsitter |
| 1.2.2 | Wetlike persoonlikheid om te ontbied en om ontbied te word | C | swak burgemeesterstelsel |
| 1.2.3 | Resultaat van die verwaarlosing van 'n huis om agteruit te gaan tot 'n onaanvaarbare standaard | D | burgemeester |
| | | E | politieke faktor |
| 1.2.4 | Kan dringende sake tydens vergaderings voorlê | F | munisipale bestuurder |
| | | G | president |
| 1.2.5 | Burgemeesterstelsel wat in Amerika gebruik word | H | regterlike faktor |
| 1.2.6 | Amptenaar wat toevertrou is met seremoniële pligte in dorpe en stede | I | premier |
| | | J | sterk burgemeesterstelsel |
| 1.2.7 | Rekenpligtige amptenaar van plaaslike regering | | |

(7 × 2) (14)

Downloaded from www.mycourses.co.za

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 'n Ongerehabiliteerde insolvente persoon aanspreeklik vir die betaling van erfbelasting en dienste is gekwalifiseerd om 'n raadslid te wees.

1.3.2 Die minimum getal lede om op 'n bestuurskomitee te dien, is ses.

1.3.3 In 'n sterk burgemeesterstelsel word die burgemeester deur mederaadslede gekies.

1.3.4 Die Suid-Afrikaanse regering berus op 'n eenheidstelsel, omdat die sentrale regering die hoogste regsprekende en uitvoerende owerheid is.

1.3.5 In party gevalle word die premier se goedkeuring vereis voordat plaaslike owerhede spesifieke werk kan onderneem.

1.3.6 'n Raadslid wat as rekenmeester gekwalifiseer het en by 'n professionele liggaam van rekenmeesters geregistreer is, kan 'n stadstesourier word. (6 × 2) (12)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

### VRAAG 2

2.1 Noem VYF doelstellings van plaaslike regering soos uiteengesit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet No. 108 van 1996. (5 × 2) (10)

2.2 Gee TIEN redes waarom plaaslike owerhede dienste lewer. (10)

2.3 Beskryf die rol wat plaaslike regering met betrekking tot behuisingsdienste vervul. (5 × 2) (10)

2.4 Watter prosedures behoort gevolg te word wanneer 'n kiesersrol vir plaaslike verkiesings voorberei word? (10)

**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

## VRAAG 3

3.1 Beskryf die invloed wat die politiek op munisipaliteite het. (5 × 2) (10)

3.2 Bespreek die samestelling van ’n bestuurskomitee. (5 × 2) (10)

3.3 Bespreek hoe munisipaliteite handelslisensies uitreik. (5 × 2) (10)

3.4 Noem ’n burgemeester se rolle en magte. (10)
**[40]**

## VRAAG 4

4.1 Wanneer munisipaliteite ruimtes vir residensiële en sakedoeleindes vasstel, moet hulle seker maak dat hulle voorsiening maak vir toekomstige behoeftes.

Bespreek hoe stads-/dorpsbeplanning in munisipaliteite gedoen word. (5 × 2) (10)

4.2 Wanbalanse tussen dienste en hulpbronne lei daartoe dat mense stede toe trek.

Bespreek die invloed wat verstedeliking het. (5 × 2) (10)

4.3 Watter nadele hou ’n veelkomiteestelsel in? (5 × 2) (10)

4.4 James hou aan met sê dat die politiek ’n vuil spel is.

Oortuig hom dat dit nie die geval is nie deur vir hom die voordele van partypolitiek te noem. (5 × 2) (10)
**[40]**

## VRAAG 5

5.1 Noem die basiese funksies wat die bestuurskomitee in ’n plaaslike owerheid uitvoer. (5 × 2) (10)

5.2 Noem die magte wat aan plaaslike owerhede toegeken is ten opsigte van die Wet op Plaaslike Regeringsoorgang, Wetnr 209 van 1993. (5 × 2) (10)

5.3 Beskryf die invloed wat geografiese kenmerke op plaaslike owerhede het. (5 × 2) (10)

5.4 Watter rol speel die premier in munisipaliteite? (5 × 2) (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou